

DIE FIKSIE VAN OORTUIGING

'N GELOOFWAARDIGE
STORIE IS DIKWELS NET
SO GOED AS DIE
SKRYWER SE NAVORSING
EN BRONNE, EN DIÉ SKUIL
SOMS OM 'N BAIE GOEIE
REDE IN DIE SKADUWEES ...

Dibi Breytenbach se *Dowe gode* is 'n roman wat van uitstekende navorsing getuig. Daar is goeie rede voor: Sy skryf oor landdroste en wildstropers. In albei gevalle benut sy haar uitstekende bronne om uitstekende fiksie te skep.

Dié spel tussen feit en versinsel, “geheime” bronne en lekkerleesboeke bied aan die leser 'n sonderlinge ervaring. Hoekom is Dibi se bronne so 'n geheim? Want hul lewe sou andersins in gevaar wees. Dít is reeds 'n goeie storie. Ek het die ander dag een van hulle se nommer in die hande gekry en is geïgnoreer soos 'n stopstraat toe ek 'n onderhoud wou doen.

Daar is in die skep en uitgee van die meeste boeke 'n besondere groot getal rolspelers wat in die geheim help. En nie noodwendig omdat lewens in gevaar is nie! Veel eerder omdat hulle hul tyd en kennis verleen sodat die beste moontlike boek op die leser se rak pryk.

FEITE MÊT 'N GOEIE STORIE

Enigeen wat al die kans gehad het om met Martin Steyn te gesels, sal weet hoeveel navorsing hy doen voordat hy pen op papier sit. Hy en Irna van Zyl het 'n interessantheid gemeen: Hulle gebruik dieselfde patoloog.

Hier is dus iemand wat fiksietekste help vorm, maar haar naam verskyn nie in die boeke nie. Haar bydrae is een van geloofwaardigheid. En dít is waar die mense agter die skerms hul ding doen.

Loer maar in die bedankings hoeveel name word genoem – of juis nié. Madelein Rust maak geen geheim van die feit haar fiktiewe IT-spesialis Tigan is gegrond op haar man, self 'n IT-kenner, nie. Tigan is 'n fiktiewe skepping, maar een wat geskiet kan word, verlief kan raak en hartgebroke kan wees. Dit maak van hom 'n volronde karakter, waarmee die leser kan identifiseer.

Fiksie moet lees of dit waar is, hoewel die karakters soms valer is as die mense op wie hulle dalk gegrond is. Die skrywer is die een wat die navorsing doen en dit in 'n boeiende pakket moet verpak. Feite is een ding, maar fiksiesesers wil 'n stórie hê.

RESEPTOETSERS EN BALLISTIESE KENNERS

Sally Andrew, skepper van *Tannie Maria Mysteries*, is nie 'n foodie nie, maar tant' Maria se wonderlike resepte is foutloos.

Sally erken ruitelik sy bestee baie tyd en geld daaraan

“FIKSIE MOET LEES OF DIT WAAR IS, HOEWEL DIE KARAKTERS SOMS VALER IS AS DIE MENSE OP WIE HULLE DALK GEGROND IS.”

om kenners te kry wat die resepte ontwikkel.

Smulpape kan tannie Maria se resepte maar toets. Kook daardie appelkooskonfyt. Bak gerus daardie beskuit. Dit is egte, oorspronklike resepte wat spesiaal vir tannie Maria geskep is. Sally het hierdie baasbakster uitgedink, maar daar is 'n hele span mense wat seker maak elke teelepel suiker of botter word akkuraat weergegee.

Irma Joubert, “hoofmeisie” van historiese fiksie, praat uit ondervinding wanneer sy sê 'n leser sal die kleinste fout raaksien en sommer aan haar, of haar uitgewer skryf. Op 'n onlangse toer in Nederland vir haar roman *Mentje, kind van Pas-Opkamp*, het sy in dié verband 'n besondere ervaring gehad.

Die verhaal speel deels in Nederland af waar die hoofkarakter, 'n jong meisie, saam met ander vlugtlinge in 'n geheime woudekamp vir die Duitse magte wegkruip. Irma het baie moeite gedoen om seker te maak haar karakters is so na moontlik aan die werklikheid. Hoe het sy dit reggekry?

Deur soveel bronne moontlik te raadpleeg. Sy het veral ooggetuieverslae gelees. In Nederland ontmoet sy toe 'n familielid van een van die mense wat sy in die boek beskryf en sy was dadelik benoud. Was haar uitbeelding van dié persoon akkuraat?

Tot haar groot verligting het die familielid verklaar die boekmens toon sterk ooreenkomste met die ware een!

Volgende keer wanneer jy 'n lekkerleesboek oopslaan, dink 'n bietjie aan al die “geheime” mense wat tot die ervaring bygedra het. Of dit nou die bobaasbakker is wat daardie beskuitresepte ontwikkel en getoets het; die ballistiese kenner wat met groot geduld seker maak die boekskoot wat afgevuur word, sou regtig só klink; die patoloog wat grootoogskrywers langs haar by die operasietafel toelaat; of die skurk wat in die regte lewe nog boser as sy fiktiewe alter ego is ... ♡

DEUR IZAK DE VRIES